## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

| | |
|---|---|
| **Sondag:** | Hester Kritzinger, Egbert Swanepoel. |
| **Maandag:** | Andrew Fisher, Barbara Güse, Linda Langeveldt, Barbara Meyer. |
| **Dinsdag:** | Ena Burger, Laurie Guise, Jaco van Niekerk. |
| **Woensdag:** | Petro Bergh, Mariëtta Cilliers, Kochie Koch, Robie Rossouw, Sophia van der Merwe. |
| **Donderdag:** | Lizemari Geldenhuys, Lena Nieman. |
| **Vrydag:** | David du Toit, Zelmari Möller, Chantelle Smit, Riëtte Viljoen. |
| **Saterdag:** | Hennie Bekker, Gerhard Botha, Rosanne Pretorius, Janneman Erasmus, Louise le Grange. |

**Berg– en seeklub vir Seniors**
Donderdag, **5 Junie vanaf 9:15,**
NG Moederkerk (Andries Pretoriusstraat)
Spreker: Lourens Kruger: "**Die bewaring van die Kaapse heuningby**"
Almal welkom. Lede: R20/Besoekers: R30

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **Bankoffer** vir dankoffer tydens erediens **Dankoffer** vir maandelikse dankoffer.

## ONTMOET ONS KERKRAAD:



**Ertru Hattingh**
**Kontak: ertru40@gmail.com**
**Portefeulje: Eredienste**

Enige navrae, kommunikasie, voorstelle of terugvoer oor die eredienste is welkom. Hoe kan ons die eredienste interessant, meelewend en aanloklik maak vir al die generasies in ons gemeente. Wat werk goed en wat pla? Hoe bly ons Skrifgetrou om binne die wil van die Here te funksioneer?

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# FAMILIENUUS

**SONDAG 1 JUNIE 2025**

### *WELKOM BY DIE EREDIENS*

| | |
|---|---|
| 09:00: | HENNIE FOUCHÉ |
| SKRIFLESING: | GENESIS 37 |
| TEMA: | GOD SE DROOM VIR MY EN MET MY |

**Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.**



## WELKOM WIKKELWURMS!

**Kinders 4 jaar - Graad R**
(Ons wag vir jou in die klassie oorkant die kombuis.)

**Vandag se deuroffer:** **Bybelverspreiding**

Die Bybelgenootskap se doelstelling is om die Bybel beskikbaar te stel, sonder enige dogmatiese aantekening of kommentaar, aan elke leser in sy eie taal teen 'n prys wat dit binne bereik van die armste bring. Hul gereelde werksaamhede sluit vertaling, produksie en verspreiding in en hul word gefinansier deur kerke, organisasies, skole en individue.

**Volgende week se deuroffer: Uitsending van Eredienste**

**Leraars:** Samantha Chamberlain 082 379 4567 sam@nghottentotsholland.co.za
Hennie Fouché 082 859 5646 hennie@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** yolandi@nghottentotsholland.co.za
**Selfoon:** 063 751 8171 (slegs vir Whatsapp-boodskappe)
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
**Potgooi:** https://bit.ly/3SXY7FI

# Josef se drome en God se wil vir my

**1-5,8 JUNIE 2025**

**Elke aand om 19:00 en soggens om 9:30**

***(Saans se diens word die volgende oggend herhaal)***



| | |
|---|---|
| **Sondag, 1 Junie, 19:00**<br>**Maandag, 2 Junie, 9:30** | *God se plan vir my is om op Hom te vertrou n moeilike tye.* (Genesis 37: 12-36) |
| **Maandag, 2 Junie, 19:00**<br>**Dinsdag, 3 Junie, 9:30** | *God se droom bly staan te midde van die wêreld se nagmerries* (Genesis 39: 1-23) |
| **Dinsdag, 3 Junie, 19:00**<br>**Woensdag, 4 Junie, 9:30** | *God se plan vir my is om sy boodskap te vertel (*Genesis 40 & 41) |
| **Woensdag, 4 Junie, 19:00**<br>**Donderdag, 5 Junie, 9:30** | *God se plan vir my is om die regte keuses te maak.* (Genesis 42 & 43) |
| **Sondag, 8 Junie, 9:00**<br>**NAGMAAL** | *God se plan vir my is om te glo dat Hy altyd in beheer is* (Genesis 44-46) |

**Kom kuier na elke diens saam in die saal en geniet 'n koppie sop.**

**Sondag, 8 Junie, na die diens: Ete in die kerksaal**

## PINKSTERFEES: SONDAG, 8 JUNIE

Kom eet gesellig saam as familie op Sondag, 8 Junie, vanaf 11:30 in die kerksaal ter afsluiting van Pinkster.
**Bespreek asb. jou plek vooraf** deur jou naam op die lys in die voorportaal te skryf na die erediens of stuur 'n e-pos aan yolandi@nghottentotsholland.co.za.
Bring asb. jou eie drinkgoed vir die ete.
**Slegs 100 sitplekke beskikbaar**

*Maar Josef het hulle geantwoord:*
*"Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie. Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen. Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het. Moenie bang wees nie. Ek sal sorg dat julle en julle kinders kos het."*
*Josef het hulle jammer gekry en hulle gerusgestel.*

**- Genesis 50: 19-21**

## WYNPROE-geselligheid

Kom geniet 'n aand in die geselskap van spreker en De Grendel-wynmaker, **Charles Hopkins**, met heerlike **winterskos op die spyskaart**.
Wyn sal te koop aangebied word en drie gaste sal bederf word met 'n gelukkige trekking.



**Kaartjies beskikbaar by die Kerkkantoor @ R320 per persoon.**
**Datum: 25 Junie om 19:00 in die kerksaal**
**Slegs 40 kaartjies beskikbaar**